

‘Vrygebore’ – ’n misleidende en gevaarlike verhaal oor Suid-Afrika se jeug

Dion Forster*

Suid-Afrikaners gedenk elke jaar op 16 Junie Jeugdag. Dit is ’n dag waarop ons die opofferings onthou wat jongmense gemaak het in die stryd teen apartheid. Ons dink veral aan die 176 mense wat die Apartheidspolisie in die Soweto-opstande van 1976 doodgemaak het. Hulle was deel van ’n groep van sowat 20 000 studente wat in die strate teen die rassistiese beleide van die land se onderwysstelsel betoog het. In 2015–2017 was jong Suid-Afrikaners weer aan die voorpunt van die #RhodesMustFall- en #FeesMustFall-bewegings, wat vir gratis, hoë-gehalte gedekoloniseerde hoër onderrig gepleit het.

Daar het egter ’n skeuring tussen hierdie jonger aktiviste en hul eweknieë van 1976 ontstaan. Een van die #RhodesMustFall-studenteleiers, Ntobo Sbo Qwabe, het in 2016 die volgende gesê: “Ouer swart mense wat ons wil stilmaak op grond daarvan dat hulle teen apartheid geveg het, moet stilbly!!! Ons is hier omdat julle ons f*** gefaal het! So, asseblief!” Sy uitlating is ’n uitdrukking van die frustrasies van die sogenaamde “vrygebore” geslag wat ná die einde van politieke apartheid in 1994 gebore is, maar steeds met die voortslepende ongeregtighede van rassisme, armoede, werkloosheid, swak onderrig en hopeloosheid moet saamleef wat hul ouers en hul grootouers voor hulle beleef het. Dis reeds amper drie dekades sedert politieke apartheid in Suid-Afrika beëindig is en hoewel hierdie nuwe geslag Suid-Afrikaanse jeugdige “die reg om regte te hê” beleef het (soos Seyla Benhabib dit beskryf), het die uitvoering van daardie regte nog nie werklik op enige beduidende en transformerende wyse gerealiseer nie.

Suid-Afrika het ’n oorwegend jong bevolking met ’n gemiddelde ouderdom van 27,6 jaar. Wat skokkend is, is dat 55,5% van die bevolking onder die internasionale armoedegrens van minder as 2 Amerikaanse dollar per dag lewe en die land se werkloosheidsyfer staan op 29,1%. Wat nog meer is, is dat Suid-Afrika steeds ekonomies die ongelykste land ter wêreld is.

Wat veral kommerwekkend is, is die ongeregtighede van wit bevoorregting en swart onderwerping wat nog steeds in die ekonomiese en ruimtelike ongelykhede van swart en wit Suid-Afrikaners voortduur. Die maatskaplike ekonoom, Sampie Terblanche, dui aan dat wit Suid-Afrikaners gemiddeld nog nooit so welvarend was soos wat hulle in die jare sedert die beëindiging van politieke apartheid geword het nie. Die gemiddelde Suid-Afrikaanse huishoudelike inkomste is R930 (ongeveer 64 Amerikaanse dollar), terwyl wit Suid-Afrikaners gemiddeld drie keer soveel as swart Suid-Afrikaners verdien. Wit Suid-Afrikaners, wat minder as 10% van die bevolking uitmaak, oorheers steeds die eienaarskap van private grond (hulle besit 72% van private grond), terwyl swart Suid-Afrikaners, wat 89% van die bevolking uitmaak, 26% van die land se private grond besit.

Achille Mbembe, ’n Afrika-filosoof en politieke wetenskaplike, merk op dat jong swart Suid-Afrikaners hul politieke, maatskaplike en ekonomiese misnoeë uitdruk deur hulle eers tot ’n politiek van identiteit te wend deur die rasse teen mekaar af te speel. Tweedens wend hulle hulself tot ’n generasiepolitiek, waar jongmense al hoe minder ouer aktiviste en vryheidsleiers vertrou deur hulle as “verraaiers” te beskou. Laastens wend die jonges hulle tot ’n politiek van ongeduld, waar hulle vinnige en betekenisvolle hervorming deur revolusie eerder as sosiale evolusie soek.

Jongmense ervaar veral die uiterste hopeloosheid van die stadige geweld van armoede, rassisme en ongeregtigheid. Om dit kortom te stel: Hulle verloor hoop in die toekoms. In hierdie verband kan ’n mens vra of hierdie jong Suid-Afrikaners werklik “vrygebore” is? Taal maak saak. Dit kan ’n getuie van die waarheid wees en dit duidelik en doelbewus oordra. Of soos die studente-aktivis Lovelyn

Nwadeyi opmerk, taal kan gebruik word om “’n misleidende en gevaarlike verhaal” van onwaarheid en ’n vals werklikheid te “verewig”.

Sy het in ’n Jeugdaglesing om die studente wat in die Soweto-slagting van 1976 omgekom het, te gedenk, gesê:

“Ek verwerp die term ‘vrygebore’ heeltemal en onomwonde, want dit is ’n term wat ’n misleidende en gevaarlike verhaal oor die werklikheid van Suid-Afrika se jeug verewig. Uitdrukkings soos onder meer ‘vrygebore’ en ‘reënboognasie’ het vertroosting gevind in die middelmatige woordeskat wat ons sedert die einde van apartheid in Suid-Afrika dikwels gebruik. Ek sukkel self met woorde soos “vrygebore’ en ‘reënboognasie’ omdat ek ervaar het hoe hierdie woorde as instrumente gebruik word om stil te maak, om die werklike klagtes van jongmense, en veral jong, gekleurde Suid-Afrikaners stil te maak en af te water. Ek dink ook die proses om betekenis by te voeg wat met hierdie ideologie van ‘vrygebore-isme’ en reënboog-isme’ geassosieer word, is een van die bedrieglikste en kragtigste pogings om die ingewikkeldhede van die stryd om vryheid in hierdie land te probeer goedpraat.

“Taal maak inderdaad saak! Net soos ons die onkritiese gebruik van die uitdrukking ‘post-apartheid Suid-Afrika’ (op watter ‘werklike’ manier het apartheid in Suid-Afrika geëindig?), moet ons ook die gebruik van die uitdrukking “vrygebore” bevraagteken. Wat gebeur wanneer ons ’n hele geslag mense as ‘vry’ beskryf net oor hul geboortedatum? Deur dít te doen, politiseer ons die gebeurtenis van hul geboorte en daarom politiseer ons die bestaan van kinders en jongmense. Ons het nie die reg om ’n etiket toe te ken, veral nie ’n onware etiket nie, wat die leiding en daaglikse werklikheid van die meerderheid jong Suid-Afrikaners misken nie. Dit is deel van die verewiging van ’n vals narratief wat die vrees, die geweld, die doelbewustheid en die logika van uitwissing verbloem – iets wat die kern van die vorming van die verhaal van die moderne Suid-Afrika op verskeie punte in hierdie 25 jare lange reis ná 1994 is.”

Ter wille van die waarheid en in die soeke na geregtigheid moet ons dus afsien van die mite van die “vrygebore” geslag. Kom ons staar die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse konteks eerlik en moedig in die gesig sodat ons vóór verandering kan werk. Slegs deur dít te doen, sal Suid-Afrikaners van die mite van vryheid kan wegbeweeg na die werklikheid van vryheid waarna jong Suid-Afrikaners verlang.

***Dion Forster is ’n professor in Etiek en Openbare Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het al verskeie boeke en artikels oor teologie en etiek geskryf. Sy navorsing fokus op maatskaplike etiek, ekonomiese etiek en politieke etiek. Dion is die direkteur van die Beyers Naudé-sentrum vir Openbare Teologie. Besoek: <http://www.twitter.com/digitaldion>**